Ek kyk op na die berge waar sal my hulp vandaan kom my hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het wat trou bly tot in ewigheid en nooit sal laat vaar die werke wat sy hande oor ons begin het nie.

Gemeente genade en vrede vir u van God ons Vader van Jesus Christus die Here en van die HG
AMEN !!!!!!

Lofsang Psalm 100:1,2,3

Wet Psalm 19:5 (Antjie Krog weergawe)

Belydenis Ges 220:1,2

Skriflesing : Psalm 16

Tot sover die skriflesing : Gelukkig is elkeen wat die woord van die Here hoor dit glo en ook daarvolgens lewe.

Gebed

Sang Ges 201:1,2,3

Preek.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus. WIE IS GOD !!!!!!!!

Hoe ken ons God. God is nie iets wat ons voor ons op ‘n tafel kan neersit en ontleed nie. Ons kan nie God bestudeer en dmv waarneming hom uiteindlik ken nie. Dit wat ons verstaan en kan sien is maar ‘n baie karrige weg as ons iets van God wil leer.

Geliefdes maar klink dit nou nie baie vreemd nie. As ek nie instaat is om God te ken nie hoe kan ek hom dan dien. As ek God nie kan verstaan nie hoe kan ek dan in Hom glo. En so kan ons ‘n klomp vrae vra oor God.

Daar is twee maniere waarop ons iets van God kan leer ken.

Eerstens dmv die skepping. Die manier waarop God die wereld geskep het

Mens kan nie anders as wanneer jy nie die natuur is en begin dink oor die ontstaan en die funksioneering daarvan om te besef maar hier is ‘n groter krag as wat ons kan begryp of verstaan nie.

Die tweede manier waarop ons iets van God kan leer ken is deur sy Woord.

God maak hom duidelik in sy woord aan ons bekend. God gee vir ons in hierdie woord van hom genoeg kennis sodat ons Hom te kan vereër. God gee vir ons genoeg kennis sodat ons tot geloof in Hom kan kom en die ewige lewe kan beerwe.

Ons het in die begin gesê : God kan nie koud en klinies bestudeer word nie. Want as ons God soos ‘n objek bestudeer sal Hy vir ons nooit meer as net ‘n onverstaanbare objek wees nie.

Godskennis begin met ‘n verhouding. Eers wanneer ek en God in ‘n persoonlike een tot een verhouding staan kan ek hom ken. Maar geliefdes dan is ook hierdie ken nie ‘n tenvolle omvat van God nie maar ‘n gedeeltelike ken.

Is dit nie hoekom ons so baie hoor mense sê - Maar dit voel vir my asof God so ver van my af is. Mense druk dit nog meer kras uit - Dit voel vir my asof God glad nie meer vir my omgee nie.

En geliefdes gewoonlik kan ons baie redes gee hoekom ons so voel of hoekom ons in die toestand is maar grondliggend aan al hierdie redes is dat hierdie verhouding met God nie meer lewendig is nie.
Dan het God ‘n God geword wat alleen tussen die bladsye van die bybel leef.

Ons ken God in die eerste plek in die tweede persoon. Daar is ‘n EK - U

Psalm 16 probeer vir ons iets van hierdie verhouding leer. Mens kan die psalm in drie onderskeibare dele indeel. En elkeen van hierdie drie dele begin met hierdie EK - U verhouding.

In vers 2 praat die psalmdigter oor en van die afgode. Maar die psalmdigter beklemtoon dat hy nie in ‘n verhouding met hulle kan staan nie. Ja hy wil selfs met hulle niks te doen he nie. Selfs die mense wat ander gode aanbid wil hy uit sy leefwereld wegskuif.

En dan gee die psalmdigter ‘n tree nader. Hy lewer getuienis oor God. Maar geliefdes dit is meer as net kennis wat met ons gedeel word. Dit is ‘n persoonlike geloofsbelydenis. ‘n Belydenis wat mens alleen kan doen as daar sprake is van ‘n verhouding.

Die digter kan nie anders as om vir God te loof en prys as Hy sien wat die Here in sy lewe gedoen het nie. As hy verstaan dat hierdie dinge nie maar aanvaar kan word as vanselfsprekend nie maar dat dit God se genade en liefde is wat sigbaar word.

In die begin vergelyk Hy God teenoor die afgode., dan kom daar ‘n geloofsbelydenis oor God.

En dan praat hy direk met God.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus. Die woord van die Here gee hier vir ons ‘n baie duidelike insig.
Dit help nie alleen maar om kennis van God te he nie. Dit help nie om al hierdie vrae oor God te vra en dit met koud kliniese antwoorde te beantwoord nie.

Dit wat ons uit die skepping leer, die kennis wat ons in die bybel opdoen moet in ons harte begin leef.
Hierdie kennis van God moet ‘n werklikheid in ons lewens word.

Vers 11 se : U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap . Uit u hand kom net wat mooi is.

Wat se dit oor God se verhouding met ons. Wanneer ervaar ons blydskap. Wanneer die kennis dat Jesus Christus aan die kruis vir my sonde gesterf

As die kennis werklik in my hart begin leef. Maar geliefdes kan u hoor dan word ons kennis van God sigbaar in ons verhouding tot Hom.

Dan vergelyk ons hom nie meer met die afgode nie. Dan praat ons nie net oor Hom nie maar dan praat ons met Hom.

Dan kan ek vra Here Leer my hoe om te lewe. En geliefdes wanneer ons dit verstaan wanneer die kennis in ons koppe werklik in ons harte leef dan het ons ‘n verhouding met die lewende God.

En hierdie verhouding kan op die volgende manier voorgestel word. God is soos ‘n pa
God is soos my beste vriend
Maar God is ook die Almagtige God - Die skepper van hemel en aarde.

Ons het in die begin gevra Wie is God

Ons antwoord met die woorde _ God is my God Die een wat my lewe rig die een wat my vreugde en blydskap gee, Die een wat alles opgeoffer het ter wille van my , wat in ‘n verhouding met my getree het

Die skepping getuig van sy handewerk, die woord vertel van sy wonderdade en sy bemoeienis met sondaar mense. God is God en hierdie God tree in ‘n verhouding met my.

Amen !!!!!!!!!!

Slotsang Ges 190:1,2,3

Gebed

Seengroet : Die genade van ons Here Jesus Christus die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die HG sal by julle almal wees van nou af tot in ewigheid.

Amen !!!!!!!!!!